



FRANSE SENDING

Kindereuangelisasie (CEF)



Johan en Rita Bloemhof
Daaglikse Gebedsversoeke

**JANUARIE - FEBRUARIE -
MAART 2021**

*Verbasend -Wonderlik -
Aangrypend hoe God op*

'n soewereine wyse jou en my gebede laat inval in sy verlossingsplan. Swellendamgemeente se op-en-wakker Getuienisaksie het onlangs 'n Zoom-gesprek met hulle sendelinge gehad tydens 'n gebedsnaweek. Dit was ons voorreg om ook te deel oor wat God in Frankryk en die Franssprekende wêreld doen en waarvoor hulle spesifiek kan bid. "Vertrou God asseblief vir vyf begaafde jongmense wat kan help met verantwoordelikhede vir die internet-bediening". Nog dieselfde middag antwoord God hulle gebede. 'n Lang telefoniese onderhoud met iemand wat ek nie geken het nie is 'n "Wow" belewenis - watter God dien ons nie! Miora is nie net uiters bekwaam nie, maar voel geroepe, sy het so pas haar doktoraal in aptekerswese voltooi. MAAR wil veral vir die Here dien.

Baie dankie dat jý saam bid.

JANUARIE 2021

« Laet jou lewe aan die Here oor, vertrou op Hom ;
Hy sal sorg. » Psalm 37.7

1-2 Mag die Here jou **elke dag in 2021** dra en in al jou behoeftes voorsien volgens die rykdom van sy groot genade.

3-4 H el ne-Laure verjaar (4e). Loof die Here vir hulle liefde vir God. Bid dat die Here hulle elke dag geestelik sal skool deur die Bybel en hulle huwelik se n. Dank God vir hulle stralende seuntjie Th o(4) en vir baba S l na wat goeie gesondheid geniet.

5-6 Dank die Here vir verskeie uitreikaksies dmv ZOOM : Vakansieklubs, Aand klubs en spesiale Kersfees klubs (November. en Desember). Loof die Here vir die groot belangstelling en honger van die kinders vir die Evangelie en vir die ywer van die werkers.

7-8 Jaarlikse gesinbyeenkoms oor die nuwe jaar (4 dae) Dank die Here dat al ons kinders in Hom glo en Hom dien. Bid dat hulle huwelike gedurende die nuwe jaar verryk word. Al die paartjies bestudeer die Bybel m.b.v. die kommentaar van Gary Chapman.

9-10 Internet-webblad (Evangelisasie en geloofsgroei) Bid vir die beraders wat elke dag die kinders se Bybelstudies korrigeer.

11-12 Plaaslike Franse gemeente. Dank die Here vir wonderlike familie in Christus. Bid dat elke lidmaat 'n gestuurde sal wees, vir voortgaande eenheid en die verkondiging van die Evangelie en geloofswaarhede.

13-14 Jongmense in ons huis. Bid dat die Here Marc, Jessy en Matty (praktiserende Moslem) sal red.

15-16 Johan Bloemhof. Dank die Here vir baie geleenthede om God te dien en vir goeie gesondheid – Die pre-diabetes is weg.

17-18 Veritas Module 3. Dank die Here vir die getroue deelnemers. Bid dat almal goed toegerus sal word om die Bybel te verstaan.

19-20 VERITAS Module 2 (Ou Testament) DV sal ons dit die jaar aanbied vir verskeie gemeentes. Bid vir die vertaling van die opdatering van die kursus in Frans en vir Johan en Jean wat die kursus aanbied.

21-22 VERITAS Module 4 (Sinoptiese Evangelies, Johannes, Handelinge en Openbaring). 'n Klein groepie stel belang om die di  kursus te doen. Dank die Here vir hulle volharding. Bid vir Johan en ons seun Jean wie die eerste keer di  kurrikulum sal aanbied.

23-24 Timoth e en Julie Bloemhof. Dank God vir hulle liefde vir Hom. Bid dat hulle bly groei in Sy Woord en weet hoe om klein Eliott en Simon in sy we  op te voed. Bid asb. steeds vir volle genesing van Simon se niere.

25-26 Bid vir vryheid sodat die Evangelie steeds verder kan versprei t.s.v. die vinnig-veranderende situasie in Frankryk en groeiende antagonisme van ekstreme Moslems.

27-28 Uitreike. Loof die Here vir die belangstelling by gemeentes om die Evangelie by gesinne uit te bring.

29-30 Geloofsending. Dank die Here vir elke ondersteuner, bid dat Hy hulle ryklik sal se n en dat Hy vir lewens- en bedieningskoste sal voorsien.

31 VERITAS-opleiding Module 1 vandag Dank die Here vir die volharding van die deelnemers t.s.v. moeilike omstandighede.

FEBRUARIE 2021

„...God het hulle verhoor omdat hulle hulle vertroue op Hom gestel het.” 1 Kron. 15.20

1-2 Uitreik Junie in Korsika en September op die Spore van die Hugenote loftoer. Bid vir uitreikers, dat die Here voorsien in die kostes en vir redding van mense.

3-4 Internet-bedienings(IB) in Europa en Noord-Afrika. Miljoene kinders het nog nooit

die Goeie Nuus van die Evangelie een keer gehoor nie. *Hoe sal hulle in God glo as hulle nie van Hom gehoor het nie?* Bid dat die Here die Europese IB departement wysheid gee hoe om te ontwikkel en vir nuwe toepassings. Bid ook vir die nodige fondse.

5-6 Rita Bloemhof. Bid dat ek alles wat ek doen in die gemeente, huis en kinderbediening van harte doen vir die Here en nie vir mense nie. Dank God vir gesondheid. Meer as twee dekades van genade na die kanker.

7-8 Bid vir bekerings, **HERLEWING** en kerkinskakeling van die mense wat die Evangelie die afgelope 14 jaar ontvang het deur verspreidings regoor Frankryk en die eilande.

9-10 Bid dat God in alles wat ons doen verheerlik word en dat Sy Koninkryk kom. Soli Deo Gloria. Aan God alleen AL die eer.

11-12 Meer werkers vir die oes. Bid dat die Here van die oes na die sewe uitstaande onbereikte streke werkers sal stuur.

13-14 VERITAS Module 3 (Profete, Psalms en wysheidliteratuur) – laaste kursus oor twee jaar. Dank die Here vir die volharding van die fasiliteerders en deelnemers.

15-16 KORSIKA. Dank die Here vir meer vir vrug as ooit in die COVID-tyd t.s.v. die kansellering van die fisiese uitreik.

17-18 Ontwikkeling. Dank die Here vir Johan se sekretaresse **Any** se werk en volharding.

19-20 Nasionale kantoor. Dank die Here vir die nuwe span wat goed saamwerk.

21-22 Onbereikte streek BRETAGNE. Die gemeente by Dol-de-Bretagne moes onlangs weens hoë instandhoudingskoste en min lidmate die kerkgebou opgee. Bid dat die selgroepe sal ontwikkel.

23-24 HAITI Dank die Here vir die groot getal Franssprekende kinders wat deur die Internetbediening bereik word. Daar is baie bendegegeweld – ook gemik teen Christelike instansies. Bid vir vrede sodat die Evangelie

verder kan versprei. DV sal VERITAS Bybelskool ook binnekort daar begin.

25-26 Geloofsending. Loof die Here vir Sy getroue voorsiening oor al die jare en vir elke ondersteuner. Bid dat die Here hulle sal seën en nuwe ondersteuners roep.

27-28 Bid asb vir Julie wat met versteurde kinders werk by die skool. **Angelo** is 'n kind van 12 jr wat rebels is en elke dag vir haar en die ander onderwysers die lewe moeilik maak.

-VERITAS-opleiding(28e). Laaste kursus vandag Module 1 oor 18 maande. Loof die Here vir elkeen wat getrou volhard het. Bid dat die deelnemers met Module 2 sal aangaan.

MAART 2021

"Elkeen het 'n siter en 'n goue bak vol wierook gehad, die gebede van die gelowiges" Openb 5.8b

1-2 Marcel en Elise Bloemhof. Dank God vir hulle aktiewe deelname in die gemeente. Bid vir Elise se gesondheid en hulle drie kinders se geloof en opvoeding in die Bybel.

3-4 Leierskap vergader vir Franse Internet bediening. www.cliquelavie.com. Bid vir wysheid, insig en meer jongmense wat die wêreldwye bediening kan help ontwikkel.

5-6 Webbladberaders. Bid vir die roeping van meer beraders. Dank God vir almal wat getrou volhard – bid vir moed en krag.

7-8 EUROPESE INTERNET-bedieninge. Bid vir begaafde jongmense wat nuwe modules kan ontwikkel.

9-10 Onbereikte streek LIMOUSIN. Bid dat baie mense van die deel gered sal word. Bid vir kinderwerkers in dié streek.

11-12 Jean, Holly, Anna en Sophie. Dank die Here vir hulle liefde vir Hom. Bid vir seëninge in hulle bediening met CEF, VERITAS en prediking in die gemeente. Dank die Here dat hulle Anna en Sophie in sy weë opvoed. Bid dat hulle orals sal skyn vir Jesus.

13-14 ONS KLEINKINDERS. Anna(10), Lana(8), Ruben(7), Eliott en Sophie(6), Théo(4) en Simon(4) en Mathias(2) en Selena. Bid dat elkeen God sal verheerlik deur in Jesus te glo en te aanvaar as persoonlike Verlosser, vir goeie gesondheid, verstandelike ontwikkeling en menseverhoudings.(Luk 2.52)

15-16 Bid vir bekerings, **HERLEWING** en kerkinskakeling van die gesinne wat die Evangelie die afgelope 14 jaar ontvang het.

17-18 Mag God verheerlik word deur die bekering van gesinne wat die Evangelie tydens die **komende uitreike** sal ontvang.

19-20 Loof die Here vir Sy getrouheid oor die 37 jaar se bediening in Frankryk.

21-22 Dank die Here vir elke vrywillige medewerker. Feitlik 20 in die Internet-span.

23-24 CEF Nasionale Werkers byeenkoms. Bid vir nuwe visie.

25-26 Dank die Here vir ons nuwe leidster Corinne en haar goeie effektiewe leierskap.

27-28 Bid dat ons God se wil onderskei en dat elke werker bemoedig sal word.

29-31 Loof die Here vir sy getrouheid oor die 37 jaar se bediening in Frankryk. Bid dat Hy die bydraers ryklik sal seën.

Nuusbrief en adresveranderings:

bloemhof@free.fr

Bydraes /Tjeks: "Child Evangelism Fellowship" Spesifiseer asb. vir "ds J. F. Bloemhof Nr 30"; Posbus 3139; Somerset-Wes 7129; RSA (Navrae Dr Ernest van Zyl Tel 0817367679)

Bank inbetalings of Debietorders:

FNB (First Nasionale Bank)

Rekening naam: Child Evangelism Fellowship;
Takkode:200912

Rekening nr : 53 800 042 847

Verwysing : Vir ds J. F. Bloemhof nr 30

Tel 0817367679 of per e-pos

cefsafinance@gmail.com